## VERVOER VAN PLAASWERKERS: WAT SÊ DIE WET?

Daar is verskeie wette wat van toepassing is op die vervoer van plaaswerkers deur werkgewers. Dit sluit in die Nasionale Padverkeerswet, die Nasionale Wet op Vervoer oor Landen die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes.

Ingevolge Regulasie 247 van die Padverkeerswet, 1996 (Wet 93 van 1996) moet die voertuig padwaardig wees en nie oorlaai nie. Persone mag onder sekere omstandighede vervoer word op vragmotors. Sodanige voertuie moet egter bedek wees tot ‘n minimum hoogte van 350mm bokant waar mense sit of 900mm indien ‘n persoon staan, om te verhoed dat passasiers afval. Verder mag geen persoon in dieselfde kompartement as gereedskap of goedere vervoer word nie tensy ‘n partisie aangebring is.

Die bestuurder moet in besit wees van die betrokke lisensie. In sekere omstandighede moet die bestuurderslisensie bekragtig word as ‘n Professionele Bestuurderspermit (PrDP) en ook die korrekte kode wees vir die gespesifiseerde klas voetuig. Artikel 32 van die Nasionale Padverkeerswet, saamgelees met Regulasie 115(1), bepaal dat ‘n voertuigbestuurder ‘n PrDP moet hê indien die voertuig ‘n bus is (ontwerp om 32 of meer mense te vervoer) of ‘n voertuig (insluitend ‘n minibus) met ‘n bruto voertuigmassa van meer as 3 500 kilograms, of wat ontwerp of aangepas is om 12 of meer mense, insluitend die bestuurder, te vervoer. Verder, indien enige voertuig gebruik word om mense teen ‘n fooi te vervoer en die bestuurder die houer is van ‘n padgebaseerde openbare vervoerlisensie, benodig sodanige bestuurder ‘n PrDP. Die vereistes om ‘n PrDP te bekom word uiteengesit in Regulasies 116 tot 118 van die Nasionale Padvervoerwet.

Waar mense teen ‘n fooi vervoer word moet die operateur wat sodanige vervoer verskaf die nodige lisensie ingevolge artikel 50(1) van die Nasionale Wet op Grondvervoer (Wet 5 van 2009) hê.Ingevolge ‘n wysiging van die regulasies op padvervoer, mag kinders vanaf Mei 2017 glad nie teen vergoeding op ‘n bakkie of vragmotor vervoer word nie, selfs nie indien die operateur oor sodanige lisensie beskik nie. Ingevolge artikel 53(1)(c) van hierdie wet is ‘n boer wat sy werkers in sy eie voertuig vervoer vrygestel van sodanige vereiste. Wanneer die boer nie self die voertuig bestuur nie maar waar dit wel sy/haar voertuig is wat gebruik word om die werkers te vervoer of waar iemand anders gekontrakteer is om dit te doen, word dit beskou as ‘n “personeeldiens” ingevolge die wet. Die Minister mag in die toekoms besluit dat die operateur van ‘n personeeldiens wel ‘n openbare vervoerpermit moet hê. Indien sodanige regulasies uitgevaardig word, mag die Minister die omstandighede waaronder die permitte uitgereik mag word, bepaal. Ten tye van die publisering hiervan, was daar nog geen regulasie van hierdie aard nie, maar om aan die veilige kant te wees kan sodanige permit vir die betrokke klas voertuig by jou provinsiale regulatoriese owerheid of ‘n munisipaliteit, indien so gedelegeer deur die Nasionale Openbare Vervoer-regulator, verkry word. Dit mag in jou beste belang wees om wel ‘n permit te kry aangesien die sanksie vir nie-nakoming die skut van jou voertuig (sien

artikel 87) insluit en die voorval moontlik beskou kan word as ‘n kriminele oortreding ingevolge artikel 90. Let daarop dat hierdie ‘n ander vereiste is as die vereiste om ‘n professionele bestuurderspermit soos per die Nasionale Padverkeerswet te besit.

Indien ‘n voertuig waarin werknemers vervoer word betrokke is in ‘n ongeluk, mag die werkers wat beseer is of die afhanklikes van diegene wat gesterf het ‘n eis indien ingevolge die Wet Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes as die ongeluk plaasgevind het terwyl werkers aan diens was of op pad vanaf of na hul werkplek. Waar gratis vervoer aan werknemers verskaf word vanaf en na hul werkplek deur die werknemer of iemand spesifiek aangestel vir hierdie doel, sal eise beskou word as gedek deur die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en – Siektes. Die wet dek ook seisoenale werkers. ‘n Werknemer wie se skade gedek is deur hierdie wetgewing mag ook nie ‘n eis teen sy/haar werkgewer instel nie. Daarom is dit belangrik dat werkgewers registreer by die Vergoedingskommissaris en behoorlik rekord hou van almal wat aan diens is, asook lone, oortyd betaal, ens. Benewens die eis teen die Vergoedingskommissaris, kan sodanige werker ook eis teen die Padongeluksfonds maar enige bedrag wat ontvang word van die Vergoedingskommissaris sal afgetrek word van die vergoeding betaalbaar ingevolge die Padongeluksfonds. Op 18 Mei 2007, in die saak van die Padongeluksfonds vs. Pedro Ernesto Monjane, het die Appèlhof egter bevind dat die Padongeluksfonds nie vergoeding hoef te betaal aan ‘n werker in die geval waar sy/haar werkgewer die skuldige party was nie. In hierdie geval het die werkgewer die voertuig bestuur en was weens nalatigheid verantwoordelik vir die ongeluk. In hierdie verband het die hof soos volg bevind: "Artikel 19(a) van die Padongeluksfondswet, saamgelees met artikel 35(1) van Die Wet op die Vergoeding vir Beroepsbeserings en Siektes, bepaal waar daardie lyn getrek word: ‘n werknemer wat ‘n “beroepsbesering” opdoen in die konteks van ‘n motorongeluk mag nie onder die Padongeluksfondwet eis indien die skuldige sy of haar werkgewer is nie.”

Die Padongelukswet bepaal dat ‘n persoon wat beseer word in ‘n voertuigongeluk, of die afhanklikes van ‘n persoon wat in die ongeluk gesterf het, ‘n eis mag indien ingevolge die wet. Vir doeleindes van die wet, word ‘n sleepwa of plaasimplement ook as ‘n voertuig beskou.

Indien die ongeluk ná 1 Augustus 2008 plaasgevind het, mag die beseerde party hul kontantuitgawes wat aangegaan is as gevolg van die ongeluk eis. Daar is geen beperking op die bedrag wat ‘n passasier mag eis nie; geen aanvullende bedrag mag egter meer by die bestuurder/eienaar van die voertuig geëis word nie. Die enigste algemene beperking wat ingestel is, is ‘n beperking op die bedrag wat geeis kan word vir die verlies aan die vermoë om ‘n inkomste te verdien en verlies aan onderhoud. Ongeag of die party ’n passasier was, mag hy slegs ‘n maksimum bedrag (tans (R201 337 per jaar) eis vir verlies aan inkomste indien hy/sy nie meer kan werk nie, terwyl hul afhanklikes se eis vir verlies aan onderhoud beperk is tot daardie bedrag indien die party gesterf het in die voertuigongeluk.

Met betrekking tot nie-geldelike verlies soos pyn en lyding, word ‘n addisionele voorwaarde gestel: ‘n Eiser moet kan bewys dat hy/sy ‘n “ernstige” besering opgedoen het voordat enige vergoeding vir nie-geldelike verlies toegestaan sal word. Ten einde dit te bewys, sal die eiser ‘n verpligte mediese ondersoek moet ondergaan waar die dokter ‘n RAF4-vorm sal voltooi om te bepaal of die eiser ernstige beserings opgedoen het ingevolge American Medical Association se riglyn nommer 6. Volgens hierdie standaard sal ‘n eiser slegs geregtig wees op nie-geldelike skadevergoeding indien hy/sy 30% liggaamlik onbevoegd is of sekere liggaamsfunksies permanent verloor het (die ‘narrative test’).

Om op te som: Ingevolge die nuwe posisie wat geld na 1 Augustus 2008 word die beperking op ‘n passasier se eis asook sy/haar reg om aanvullende vergoeding by die voertuigbestuurder of -

eienaar te eis geskrap. Daarom sal ‘n werknemer wat beseer word terwyl hy/sy vervoer word binne die bestek van die besigheid alle verliese wat gely word as gevolg van die fisiese besering by die Padongeluksfonds moet eis, terwyl geen aanvullende bedrag by sy/haar werkgewer geëis mag word nie. Enige skade wat veroorsaak is deur ‘n ongeluk sal egter nie gedek word deur die Padongeluksfonds nie en kan direk van die werkgewer geëis word.

Spesiale bepalings geld vir partye wat beseer was in ‘n ongeluk vóór 1 Augustus 2008. Die Padongelukswet (Oorgangsbepalings), Wet 15 van 2012 maak voorsiening vir die beseerde party om te kies of hulle die ou wet of die nuwe wet wil toepas. Die voordeel daarvan om ‘n eis volgens die ou posisie te hanteer is dat daar geen voorwaarde is dat die eiser se besering “ernstig” moet wees om vir nie-geldelike verlies te kan eis nie. As jy ‘n passasier was, is jou eis egter beperk tot R25 000. Indien ‘n party glo dat hy/sy geregtig is op ‘n groter bedrag, kan die res afsonderlik geëis word by die voertuigbestuurder/eienaar (let daarop dat dit slegs geld vir ongelukke wat vóór 1 Augustus 2008 plaasgevind het). ‘n Party wat verkies dat die ou wet geld, moet die voorgeskrewe vorm (wat duidelik aandui dat hy/sy die ou wet wil laat geld) voltooi. Hierdie vorm moes voltooi word en ingedien word voor middernag, 12 Februarie 2014.

Indien ‘n party wat beseer was voor 1 Augustus nie sodanige vorm binne die voorgeskrewe tydperk indien nie, sal die nuwe wet geld ten opsigte van hul eis, onderhewig aan sekere oorgangsbepalings wat van toepassing is. Hierdie party se eis om vergoeding vir nie-geldelike verlies sal beperk word tot R25 000, maar die kwalifiseerder of “ernstige besering” sal nie geld nie. Indien die party egter ‘n mediese evaluering ondergaan om te bepaal of ‘n ernstige besering opgedoen is, soos hierbo verduidelik, en sodanige ernstige besering word bewys, dan sal die party se eis nie beperk wees tot nie-geldelike verlies nie. Let daarop dat dit slegs van toepassing is op nie-geldelike verlies – mediese koste, ens. word nie beperk tot R25 000 nie en is onderhewig aan evaluering vir ernstige besering nie. Alle ander voorwaardes van die nuwe wet sal wel geld en ‘n aanvullende bedrag mag nie by die voertuigbestuurder/eienaar geëis word nie. Daar sal dan geag word dat die ongeluk op 1 Augustus 2008 plaasgevind het.

<u>‘n Eiser is ook verplig om onder eed alle besonderhede van enige vergoeding wat hy/sy reeds ontvang het te verklaar. Die bedrag wat deur die Padongeluksfonds uitbetaal word sal proporsioneel verminder word met enige bedrag wat direk oorbetaal is deur die Fonds aan ‘n verskaffer of as interim betalings, asook enige bedrag wat ontvang is van die Vergoedingskommissaris.</u>

**<u>Die posisie van ‘n party wat beseer is voor 1 Augustus 2008 kan soos volg opgesom word:</u>**

| **Kies dat ou wet geld** | | **Lies dat nuwe wet geld** | |
|---|---|---|---|
| **Voordele** | **Nadele** | **Voordele** | **Nadele** |
| | Hele eis is beperk tot R25 000 | Slegs nie-geldelike verlies, beperk tot R25 000 | |
| Geen voorwaarde mbt “ernstige besering” nie | | | “Ernstige besering” moet bewys word **indien** ‘n bedrag groter as R25 000 geëis word |
| Oorblywende bedrag mag by die | | | Oorblywende bedrag kan by die |

| | | | |
|---|---|---|---|
| voertuigbestuurder/eienaar geëis word | | | voertuigbestuurder/eienaar geëis word |
| | | | Verlies aan inkomste/onderhoud word beperk tot R201 337 per jaar |

Bogenoemde geld nie vir partye wat hul eise geskik het deur middel van ooreenkoms of vonnis nie of partye wie se eise verjaar het nie. ‘n Party se eis verjaar drie jaar na die datum van die ongeluk indien hy/sy ‘n volwassene is en die identiteit van die bestuurder/eienaar van die voertuig onbekend is. Hierdie tydperk kan egter verleng word tot vyf jaar as die eis ingedien word deur ‘n RAF1-vorm binne die aanvanklike drie jaar te voltooi. Soortgelyk, waar die identiteit onbekend is, sal ‘n volwassene twee jaar vanaf die datum van die ongelyk (wat tot vyf jaar in totaal verleng kan word) gegun word indien ‘n eis binne twee jaar ingedien word. Verjaring sal nie geskied indien die beseerde party minderjarig, geestelik versteurd of onder kuratorskap is nie.

Dit is belangrik om te onthou dat eisers wat kies om hul eise te skik ingevolge die ou wet daarop geregtig is om die oorblewende bedrag by hul werkgewers te eis. Daarom moet boere wat mense buite werkskonteks vervoer seker maak dat hulle behoorlik verseker is teen sodanige eise. Dit is blykbaar ook belangrik om te verseker dat sodanige dekking kommersieel eerder as slegs persoonlike versekering is.

Kriminele vervolging is moontlik waar die bestuurder of eienaar van die voertuig nalatig was. Oortredings ingevolge die Padverkeerswet, soos nalatige bestuur, bestuur onder die invloed van alkohol, onpadwaardige voertuig, en bestuur van ‘n voertuig sonder ‘n lisensie, is almal oortredings waarvoor die voertuigbestuurder of -eienaar vervolg kan word.

Ter opsomming: boere moet bewus wees van hul regsposisie ten opsigte van die vervoer van plaaswerkers. Hierdie is ‘n komplekse stel reëls met oorvleuelende wette en sommige uitsonderings geskep binne die wetgewing. Die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -Siektes bied die werkgewer beskerming waar werkers vervoer word in diens of gratis vanaf en na hul werkplek deur die eienaar of iemand aangestel deur die einaar vir hierdie doel. Selfs in sodanige geval is kriminele vervolging moontlik waar die bepalings van die Padverkeerswet nie nagekom word nie. In gevalle waar mense buite werkskonteks vervoer word is die risiko van aanspreeklikheid veel groter vir die eienaar of bestuurder van die voertuig.